

28 Januarie

Skrifgedeelte: Jesaja 65:17-25

Fokusgedeelte: Jesaja 65:17, 18

God se verlossingswerk bring seëninge soos van 'n nuwe hemel en aarde

God belowe sy treurende volk in ballingskap dat Hy hulle sal herstel. Hy sal 'n nuwe orde gee. Dit sal wees soos 'n nuwe hemel, 'n nuwe aarde en 'n nuwe Jerusalem. Alles in verband met die smart en die aftakeling van die ballingskap sal verby wees. Niemand sal dit meer onthou nie.

God se verlossende herskeppingswerk bring 'n nuwe verhouding: sy volk mag bly wees en jubel oor sy verlossingswerk, en Hy sal oor Jerusalem jubel en oor sy volk bly wees. Sy oorfloedige seëninge bevestig dit: niemand sal voortydig sterf nie; hulle sal die vrugte van hulle arbeid geniet; God sal só naby aan hulle wees dat Hy hulle sal antwoord nog voordat hulle roep; hulle sal harmonie beleef tussen al God se skepsele. Alles seëninge wat na die koninkryk van die Messiaanse Koning, Jesus Christus, heenwys!

Kinders van die Here behoort hierdie wonderlike verband tussen God se verlossende herskeppingswerk en sy seëninge elke dag te sien en te erken. Al is ons nog nie op die nuwe aarde onder die nuwe hemel nie, staan ons as bruid van Jesus Christus op hierdie ou aarde onder die nuwe Koningshemel waar ons Verlosser alle mag in die hemel en op aarde ter wille van sy bruid rig en stuur. Al is daar baie wat huil en om hulp roep, al gaan klein kindertjies dood, al word min mense honderd jaar oud, al leef ons onder dreigemente van ander wat ons huise en besittings van ons wil afneem, al is daar so baie wat weens werkloosheid nie die vrug van hulle handewerk kan geniet nie, rig die Heilige Gees ons deur die Woord op God wat in Jesus Christus die oortuiging gee dat dit wat ons nou verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat Hy vir ons sal laat aanbreek nie.

Sing: Psalm 128:1, 4 (Totius)

Ds. JH Cilliers (Reitz)